reviews and articles South Africa tour '10

Beeld

Rowland se ‘Agt seisoene’ ’n puik einde vir Aardklop

30-09-2010

Daniel Rowland ... ná Aardklop volg ’n uitgebreide landwye konsertreis.

Thys Odendaal

Die hoogaangeskrewe Brits gebore violis Daniel Rowland, wat lank

reeds in Nederland woon, is Sondagmiddag aan die spits wanneer Aardklop in Potchefstroom ten einde loop.

Rowland is die dirigent en solis in ***Agt seisoene*** – ’n kombinasie van die Italiaanse komponis Antonio Vivaldi se *Le quattro stagione*, op. 8 (*Die vier seisoene*) en die Argentynse komponis Astor Piazzolla se *Cuatro estacione porteñas* (*Die vier seisoene van Buenos Aires*), oorspronklik geskryf vir die klassieke kitaar, maar herskryf vir soloviool en kamerorkes in opdrag van die befaamde Russiese violis Gidon Kremer en sy Kremerata Baltica.

Dit het uitgeloop op ’n onmisbare CD waarop die twee stelle seisoene saamgesnoer word, wat in September 1998 in die Petrus en Paulus-katedraal in Reutlingen-Gönningen, Duitsland, uitgevoer is. Dié skitter-opname is beskikbaar op die Nonesuch-etiket 79568-2.

Die Chamber Orchestra of SA (Cosa) het Rowland ’n paar jaar gelede by Unisa in Pretoria bygestaan in ’n prag-uitvoering van *Agt seisoene*. Dié orkes bestaan eintlik nie meer nie, maar sy lede en ander musici is weer byeengebring vir dié geleentheid – ’n mens kan jou beswaarlik ’n meer opwindende afsluiting vir ’n kleinskaal-kunstefees bedink.

Die enigmatiese Rowland land eers môreoggend in Johannesburg en vertrek net daarna na Potchefstroom vir twee repetisie-sessies die middag en aand. Die *Seisoene*-konsert begin Sondag om 14:00 in die Sanlam-ouditorium op die NWU-kampus.

Rowland berei drie concerto’s voor vir sy toer wat tot die eerste week in November duur.

Aanstaande Woensdag- en Donderdagaand is hy die solis in **Tsjaikofski se Vioolkonsert *in D***, op. 35, met die Johannesburg Philharmonic in die Linder-ouditorium in Parktown.

Sowat ’n week later – Donderdag 14 Oktober – is Rowland in Durban met **Elgar se Vioolkonsert** met die KwaZulu-Natal Filharmonie in die

stadsaal.

Ná heelwat solo-uitvoerings elders in die land keer hy terug na Johannesburg vir nog ’n konsert met die JPO. Hy neem dan sy altviool op saam met die violis Priya Mitchell op haar eerste besoek. Hulle speel die ***Sinfonia concertante*** *in E-mol*, K364, van Mozart. Die Linder-konsert sluit Rowland se reis af op 3 en 4 November.

Die Pretoriase pianis Pieter Jacobs is voor die klaviere vir Rowland se **solo-uitvoerings**. Dié program bestaan uit *Drie romanse*, op. 22, van Clara Schumann; die *Sonate in A, Kreutzer*, op. 47, van Beethoven; die *Melodia*-beweging uit die onbegeleide vioolsonate van Bartok; en die slotwerk is die Franck-*sonate*.

Dié konsert word aangebied in Johannesburg (Linder: 9 Oktober), Pretoria (Sontongasaal: 10 Oktober), Durban (Joodse Klub: 12 Oktober) en Witrivier (Ferreirasaal: 29 Oktober).

’n Rowland-besoek is iets besonders en wek altyd hoë verwagtinge van besonderse musiekmaak by konsertgangers.

SOUTH AFRICAN Jewish Report

Concert:Johannesburg Philharmonic Orchestra (Linder)

Conductor: Bernhard Gueller
Soloists:Priya Mitchell, violin; Daniel Rowland, viola
Programme: Music by Mozart and Schumann

REVIEWED BY PAUL BOEKKOOI

MOZART’S SINFONIA Concertante in E flat major for violin, viola and

orchestra, K364, is one of the composer's most enduring works.His musical genius is prominently present. Receiving insightful treatment by the soloists, conductor and orchestra can extend the piece's magnitude. A mediocre performance can kill it off as being and sounding second rate. Priya Mitchell and Daniel Rowland - he in the role of the violist, an instrument he only recently made his own - invested the work with an acute sense for its historical significance as well as the soothing hidden charms in which contemporary audiences can share. The fact that both of them per formed the first violin and viola orchestral parts from bar one in tandem with the orchestra, demonstrated the real meaning of the work's title, namely that it is a symphonic work with concertante (soloistic) elements. This was absolutely in line with his- torically informed performance practices.

The darkly majestic opening Allegro maestoso was clearly stated. Much to be enjoyed was the characteristically vivid orchestral contribution and the sensitive interplay, with phrasing between both soloists which was more direct than would have been the case in a solo concerto. Musical excitement was also clearly generated in the modulating sequences of this movement's development.

In the C minor Andante, here gently elegiac rather than tragic, we heard everything that is at the heart of fine duo playing: An exposé of skilled dovetailing as well as a sympathetic "give and take".

The finale, marked Presto, had a riveting sense of breathless urgency. Apart from the impressive level ofensemble playing, it was the way in which Mitchell and Rowland were reacting inventively to each other's phrasing which infused this movement with character. The JPO performed with refinement.…

see the full article here: **http://www.sajewishreport.co.za/pdf/latest_issue/NJWED01210.pdf**

Beeld

Brits gebore violiste beïndruk saam met JPO

2010-11-08
Thys Odendaal
JPO-konsert
Linder, Parktown

Die sterkste herinnering van dié voorlaaste konsert van die Johannesburg Philharmonic (JPO) vanjaar is die verruklike spel individueel en gesamentlik van die twee Brits gebore violiste Priya Mitchell en Daniel Rowland wat by dié geleentheid altviool gespeel het in Mozart se Sinfonia concertante.

Ook die orkes self het sy beste spel van die aand in die dubbelkonsert gelewer, met skerpsinnige reaksie onder Bernhard Gueller se leiding.

Die res van die program het bestaan uit twee werke van Schumann, die Manfred-ouverture en die Simfonie no. 1, getitel die Lente-simfonie. Die Manfred is met die gebruiklike orkestrale bydraes dramaties verwesenlik, wat Lord Byron se held paslik geskets het. Die orkes het tegnies beïndruk met die Lente-simfonie, maar die aanslag was soms ongemaklik swaar. Die liriese aspekte in die werk is duidelik geartikuleer, maar die byna naïewe geluksaligheid wat so dikwels uit die musiek straal, was nie deel van die vertolking nie.

Daar is omsigtig te werk gegaan, maar plek-plek was die herhalende tematiese aspekte in die werk net te moeisaam.
Nietemin, Mitchell en Rowland se sprankelende spel en die sensitiewe

ensemble-werk met Mozart was verkwikkend.

PRETORIA

10-10-2010
Recital: Rowland/Jacobs
Sunnyside, Pretoria
Riek van Rensburg

Throughout the afternoon these perfectly matched artists delighted the ear with their subtlety of nuance, evenness of tone and cultured musicianship. Above all violinist Daniel Rowland and pianist Pieter Jacobs showed that deeply committed performances can at the same time be highly disciplined .

Fine duo playing in the opening item, three pieces by Clara Schumann was abetted by beauty of tone and refinement of phrase. Yet, this was not so much a tasteful rendering of Schumann asa mercurial recreation at the hands of two strong individualists. It amounted to an overall sweep of spontaneous expression.

The ardent Kreutzer Sonata by Beethoven had much eagerness of attack. It was a virtuoso display par excellence and the strong intellectual content unfolded with majestic inevitability. Rowlands's tone mixed sweetness with ardour. The middle movement possessed exquisite beauty.

Bartok's Melodia from his Solo Violin Sonata ranks as the most gripping and searing "new" music I have heard this year. It is rare to find Bartok's violin works performed as they should be- a blend of volatility and lyrical ardour. Suffice to say that Rowland played this

piece with matchless authority.

The the Franck Violin Sonata Rowland brought a full rich tone, allied in support to an uncanny response to musical structure which proclaimed the true musician. One is used to encountering some sense of strain in this towering sonata. But Rowland road the heights triumphantly and filled the hall with a sonic presence of astonishing power.

Three days earlier with the JPO Rowland relished the heroic scale of **Tchaikowsky's Violin Concerto**, it's arching vistas, it's mettlesome virtuosity. He played the work as if he has invented the music himself.

Beeld

Rowland verken kern van komposisie

13-10-2010
JMV: Rowland/Jacobs
Linder, Parktown
Paul Boekkooi

Daniel Rowland is as musikus ’n skerpsinnige avonturier.

Dit is duidelik: Vir hom gaan dit nie slegs om die note en die aanwysings van die komponis nie. Hy speur tussen die notebalke om tot die kern van die komposisie deur te dring. ’n Historiese perspektief op omstandighede en hoe dit die komponis kon geraak het, is maar een van vele oorwegings om by die waarheid uit te kom.

In sy solo-uitvoering met die pianis Pieter Jacobs was jy heeltyd bewus van die belang van musikale subtekste, soos ook afgelei kon word uit Rowland se kort, sinryke, mondelinge inleidings.

In Clara Schumann se Drie Romanses, op. 22, was dit ’n vrye groei van melodies ryk sierkranse wat verwys na ’n kort periode van uiterste geluk in die lente en somer van die jaar 1853. Dit is kragtige stukke met ’n elegiese stemming wat ’n hoë vlug neem. Daar was ’n tydlose sintese tussen die twee instrumente.

Beethoven se Sonate no. 9 in A – Kreutzer, op. 47, is ’n werk wat aan sy eie dramaturgiese wette moet voldoen.

Vir dié rede het Jacobs soms ligtelik oorheers, maar in breë trekke was die spel besonder boeiend, dinamies, beeldend en gevul met ’n drif wat die komponis se revolusionêre kant belig het.
Die inleiding was introvert en rustig; die Presto daarna fel en vinnig, maar nie oordrewe so nie. Die variasiedeel is met ’n veredelde sprankeling tussen viool en klavier uitgewerk, terwyl daar ’n twee-eenheid behou is in die slotdeel se kat-en-muis-speletjies.

Melodia, die derde deel uit Bartók se Sonate vir solo-viool, se ABA-struktuur is met sterk kontraste in timbre, argitektuur en vryheid vertolk. Die misterie in die B-seksie waarin ’n koraalmelodie in die agtergrond byna deur trillers en tremolando’s verberg word, was betowerend.

Rowland én Jacobs het in hul spel in Franck se Vioolsonate voldoen aan die tjellis Piatigorski se uitspraak oor Franse musiek: “Jy moet dit speel of jy in ’n beswyming is, maar elke noot moet op sy plek wees.”

Daar was glans in elke onderdeel se breë melodieboë, terwyl dromerige elegansie en dramatiese wendingen in welsprekende bane gelei is. Tenoor die pianis se helder artikulasie, sonder 'n teken van troebelheid, kon die violis elke aspek van sy aandeel onverfloud verwesenlik.

KZNPO CONCERT: OCTOBER 14, 2010

Concert celebrates two anniversaries.

Michael Green

Two anniversaries were celebrated in this concert given by the KZN Philharmonic Orchestra in the Durban City Hall. Robert Schumann (1810-1856) was born 200 years ago, and the Violin Concerto in B minor by Edward Elgar (1857-1934) was given its first performance (by Fritz Kreisler) a hundred years ago, in 1910.

The conductor was Robert Maxym, who is well known here. Born and bred in the United States, he has lived for the past 17 years in South Africa. The soloist was the English violinist Daniel Rowland, who had impressed greatly in his Friends of Music recital two days earlier. The Elgar concerto was well suited to his emotional, dramatic style of playing.

Elgar has always been admired most by his English compatriots, and rather less by people elsewhere. His music reflects the times in which he lived, and the violin concerto is a good example. It is Edwardian, confident, expansive, romantic. It is very long, about 50 minutes, and it is a formidable technical challenge for the soloist.

Daniel Rowland's lovely violin tone was displayed to excellent effect in the long melodic lines of the first movement, in which the soloist floats bird-like over a subdued orchestra; and the Andante, the heart of the work, produced some beautifully eloquent playing, with plenty of vibrato. The surprise cadenza towards the end of the final movement was executed with great brilliance, and the performance as a whole was a rousing success, as indicated by the storm of applause at the end.

kwazulu-natal

Recital: ROWLAND & JACOBS

(Pic: Daniel Rowland)

Resplendent performance of great masterwork dominated recital.

Michael Green

A resplendent performance of a great masterwork dominated this recital given for the Friends of Music in the Durban Jewish Centre.

Daniel Rowland was born in London in 1972 and grew up in the Netherlands. Over the past 20 years he has established an international reputation as a solo violinist and as a chamber musician (he is the first violinist in the London-based Brodsky String Quartet). He is on his sixth visit to South Africa. He is a tall, lean man with a fine mop of dark hair and he looks younger than his 38 years. Speaking to the audience from the stage he revealed a pleasantly informal personality.

Pieter Jacobs is South African. He is not only an experienced and accomplished pianist but also has a doctorate in electronic engineering and has presented papers on this subject at international conferences. He teaches at the University of Pretoria.

It was a rainy evening, but a good-sized audience came to the Jewish Centre for this recital, and they were well rewarded. The programme opened with *Three Romances* by Clara Schumann, wife of Robert Schumann. She was most famous as a concert pianist; she outlived her husband by 40 years and tirelessly promoted his music on the concert platforms of Europe. And she was also a gifted though lesser composer. These three Romances turned out to be attractive and fluent works rather in the manner of Robert Schumann himself. And from the first notes it was clear that we were listening to performers of the first rank, with lovely tone and phrasing from the violinist and sympathetic playing from the pianist.

Then came Beethoven's Sonata in A major Op. 47, the Kreutzer sonata, a massive and magnificent work. This performance was totally compelling from start to finish. Daniel Rowland is an emotional, rather flamboyant type of violinist, with plenty of body movement - At times he seems almost to dance to the music…

His playing was absolutely outstanding. He captured the intense drama of the music, its power and strength, and the same can be said of Pieter Jacobs at the piano. Beethoven wrote his ten sonatas in this genre for violin and piano, not for violin accompanied by piano. They are equal partners, and the piano part in the Kreutzer is challenging indeed. Pieter Jacobs played with great skill and clear articulation.

The programme concluded with a fine performance of Cesar Franck's Sonata in A major, one of this Belgian composer's best works, notable for the contrapuntal writing in the final movement. Prolonged applause brought forth a Debussy encore.

Beeld

Rowland versonke in musiek; Crudele beïndruk

11-10-2010

Thys Odendaal
JPO-konsert
Linder, Parktown

In Rossini se Bruschino-ouverture, gelaai met grappige orkeskinkels, het die lenige, bloedjong Italiaanse dirigent Alessandro Crudele ’n gunstige indruk geskep deur sy onopgesmukte benadering.
Hy laat die musiek sy loop neem. Geen “Sturm und Drang”, net goeie oordeel.

Daniel Rowland is ’n eiesoortige violis, volkome individualisties in sy benadering van uiteenlopende musiek, byvoorbeeld sy spel en leiding van Agt seisoene (Vivaldi/Piazzolla) teenoor die romantiek, in dié konsert soos die Russe verteenwoordig deur Tsjaikofski.

Die Vioolkonsert word skroeiwarm in emosionele oorgawe opgestel – sy liggaamstaal weerspieël dié totale inlewing, onbewus; byna dansend soos sonore klanke in teerder passasies satynsag streel.

Daarteenoor is die aanslag dawerend in klimaktiese dele met gepaardgaande virtuose spelvernuf. Rowland is nie ’n halfpad-man nie. Ongeag na watter kant toe, hy is volle oorgawe. In die snel slotdeel het sy E-snaar die gees gegee. Die viool is blitsig met die konsertmeester s’n omgeruil totdat Chakaryan die snaar kon herstel. Hulle ruil terug,

die krisis vergete, en Rowland versonke in die musiek.

Romance, lyricism from string master

2010/10/18

THE HERALD

NEWS INFORMATION KNOWLEDGE

Romance, lyricism from string master

2010/10/18

VIOLIN VIRTUOSO ... Daniel Rowland will perform in Grahamstown this weekend.

DIE BURGER praat saam DIE BURGER

Daniel Rowland laat sy viool bekoorlik sing

2010-10-24 22:44

Recital Rowland/Jacobs

Baxter Hall, Cape Town

Pieter Kooij

Die violis Daniel Rowland het sy waardevolle viool wat in 1776 in Cremona gemaak is, pragtig laat sing en die pianis Pieter Jacobs het hom uitstekend bygestaan.

Hul program is met drie kort romanses van Clara Schumann ge-open. Dié drie romanses het nie die diepte van Clara se meer beroemde eggenoot (Robert) nie, maar is innig en het sensitiewe stemming.

Vir Beethoven se Kreutzer-sonate het hy sy vioolklank aansienlik tot amper concerto-sterkte vergroot. Jacobs het eweneens die dramatiese karakter van die werk op die konsert-vleuelklavier waarvan die deksel heeltemal oop was, herskep. In sommige variasies van die meer liriese tweede deel was die klavier selfs te sterk. Na die pouse het Roland die “Melodia” uit Bartók se Sonate vir Soloviool voortreflik gespeel.

Hierdie derde deel uit die sonate is ’n “stel van register transformasies” op ’n liriese tema. Die melodie begin op die ryk lae register en skuif later op tot by die hoogste bo-tone. Die dubbelgrepe op die bo-tone

was asemrowend en deel van Roland se enorme tegniese vaardigheid.

Die program is afgesluit met ’n wonderlike vertolking van Franck se Sonate in A-majeur vir Viool en Klavier. Beide kunstenaars se spel was verbeeldingryk, intens, met ferm begrip van voorwaartse stuwing en het pragtige poëtiese oomblikke gelewer.

VOLKSBLAD
NUUS MET MENING

Rowland verklank agt seisoene op viool

2010-10-25 21:47

Paul Boekkooi

Die Brits gebore violis Daniel Rowland is môreaand in Bloemfontein die solis in Vivaldi en Piazzolla se *Vier seisoene*.

Voor sy optrede ’n maand gelede met dié program, getitel *Agt seisoene*, op die Aardklop-kunstefees, het **Paul Boekkooi** met hom gesels.

Daniel Rowland beskryf homself as ’n “performing animal” wat steeds nuwe musiek verken en dit sy eie maak.

Oor die ambisieuse aanbieding van die *Agt Seisoene* waarvan hy die solis-dirigent is, sê hy: “Hierdie is ’n ongewone kombinasie van werke wat soms op ’n bykans bo-aardse manier met mekaar in gesprek tree. Drie eeue skei dié twee klankpalette van twee uiteenlopende komponiste se klankvisie van die vier seisoene.

“Die een (Vivaldi) bied vanuit Venesië in Italië ’n noordelike-halfrond-perspektief. Die ander (Piazzolla) bied vanuit Buenos Aires in

Argentinië een uit die suidelike halfrond.

“Deur elke seisoen te kontrasteer – elke Vivaldi-seisoen word gevolg deur ’n ooreenstemmende seisoen van Piazzolla – kry luisteraars ’n volle perspektief van die boeiende verskille tussen die twee komponiste, asook die kleurryke, dinamiese en soms selfs obsederende inspirasie wat albei aangevuur het.

“Tussen my en die Kamerorkes van Suid-Afrika was daar met ’n vorige uitvoering (in 2008) ’n sterk ineenvloeiing van gedagtes. Die gevolg was ’n hegte, atmosfeerryke uitvoering.

“Daar was geen dirigent wat daardie bykans onsigbare kommunikasie tussen gee en neem kon versteur nie,” vertel Rowland, wat as violis-dirigent optree.

Kort daarna het hy die *Agt Seisoene* met die Camerata Stellenbosch opgeneem. Die CD is in April met ’n Sama as beste klassieke uitreiking in 2009 bekroon.

Rowland, wat in 1972 in Londen gebore is, woon reeds van sy derde lewensjaar in Nederland, waar hy vioollesse van verskeie groot meesters ontvang het: Aanvanklik van Davina van Wely en Viktor Liberman. Later het onderrig van legendes soos Igor Oistrakh, Ivry Gitlis, Ruggiero Ricci en Herman Krebbers gevolg.

Voordat sy internasionale loopbaan hoogte gekry het, was hy die wenner van twee prestige-kompetisies – die Brahms-kompetisie in Baden-Baden, Duitsland, en die Oscar Back-kompetisie in die Amsterdamse Concertgebouw.

Vandag is Rowland internasionaal gesog vanweë die talle poste wat hy beklee, hoewel hy ook sy onafhanklikheid as gedeeltelike vryskut-kunstenaar op prys stel.

Hy is sedert 2007 leier van die legendariese Brodsky-strykkwartet, ’n ervaring wat hy as volg beskryf: “Ek is deels daar vanweë die ongelooflike repertorium.

“Die drie ouer lede van dié kwartet is sulke gesoute musici dat ons nie onbeperk hoef te repeteer om puik resultate te kry nie.

“Ons het byvoorbeeld al ’n volle Sjostakowitsj-siklus van 15 kwartette oor ’n naweek uitgevoer. Ons bied tussen 50 en 60 konserte per jaar aan.”

In 2009 het Rowland en die Britse violiste Priya Mitchell ’n nuwe ensemble gestig wat hulle Chamber Jam Europa noem.

Vir dié eienaardige naam het Rowland ’n interessante verduideliking: “Ons dink klassieke konserte is te klinies en word in verkeerde sale met onvanpaste beligting aangebied.

“Chamber Jam Europa bring musici van uiteenlopende agtergronde by mekaar en eksperimenteer dan, soos jazzmusikante dit doen.

“Ons het byvoorbeeld groot sukses behaal deur die bandoneon-speler (’n trekklavier-variant) Marcello Nisin as solis te nooi. Ons wil hê klassieke konserte moet lewendiger wees, sterker snykante hê en meer atmosfeer uitstraal.”

Die viool wat hy bespeel, is in 1776 deur Lorenzo Storioni gebou in Cremoni, Italië. “Dit is ’n instrument met die potensiaal om ’n soet klank voort te bring, maar ook, wanneer die musiek dit benodig, ’n kragtige en durende klank.

“Ek sal nie nee sê vir ’n Stradivarius wat soms nóg helderder klankkaraktertrekke voortbring nie, maar dalk bly dit net ’n droom...”

Rowland maak op die konserttoer ook sy plaaslike debuut as altviolis. Was dit ’n groot aanpassing om ’n groter instrument te bespeel?

“Dit is ’n wens wat ek lank gekoester het en onlangs op die Stift-fees in die ooste van Nederland gematerialiseer het.

“Die behoefte om altviool te speel is ’n natuurlike ontwikkeling. Dis amper asof ’n mens die hoë note met vakansie wil stuur.

“Mitchell, ’n uitstekende violis, en ek het Mozart se Sinfonia Concertante vir viool en altviool uitgevoer en in November speel ons die werk twee keer saam met die Johannesburgse Filharmoniese Orkes in die Linder-ouditorium in Johannesburg.”